# Kouland 2

## Episode 5: Jellie mannetjies

**Kerngedagte :** Jy is spesiaal en uniek gemaak, na die Here se smaak, om ander met Sy liefde te raak. Ons moet ophou om ander mense te volg en eerder leef met die geur waarmee die Here ons gemaak het

**Doelwit :** Kinders gaan 'n refleksie aktiwiteit doen om te dink oor die spesiale eienskappe waarmee die Here hulle uitgekies het om iets van Hom uit te leef.



**Sleutelteks:** Psalm 139:13-18

**Bybelverhaal:** Jesus roep Sy kinders – elkeen in hul geur- Matteus 18:1-5

In 'n wêreld vol advertensies wat vir jou probeer vertel hoe uniek jy is, sukkel ons mense darem om uniek te voel. Dit is asof ons nie regtig uniek wil voel nie. Ons wil eintlik eerder presies net so uniek wees soos daardie model met haar glansende hare. Ons wil nie so uniek wees soos wat ons tans is met 'n wilde krullekapsel nie. Hierdie wêreld fluister vir ons sy afdwaal raad dat ons uniekheid juis lê daarin lê om deel te wees van 'n sekere groep of soort en soos hulle te maak en te lyk. Dit is verseker nie die uniekheid wat die Here vir elkeen van ons in Sy hart dra nie.

As kind kon jy nie minder omgee oor die Tannie op die advertensie met haar mooi hare nie. Jy het liewer groot en wild en wyd gedroom oor die ongelooflike dinge wat jy in jou eie lewe gaan doen. Die dinge wat vir jou belangrik was, het uit jou gestraal en skitter, soos dit net deur kinder oë kan skitter. Vol selfvertroue het jy vir mense vertel hoe jy eendag 'n ysboer, brandweervrou, dokter of selfs sampioen plukker gaan wees. Soos wat ons ouer word, begin ons meer oplet hoe mense reageer wanneer ons ons drome vir hulle vertel. Dit is asof die vuur ons harte geblus word al hoe meer ons ons drome met mense begin deel. Terwyl ons drome so aan die blus is, kies ons dan ook om nie meer ons drome met die Here te deel nie.

Het jy al ooit gedink dat die Here juis daardie drome in jou hart kom plant het as kind, om vir jou iets te wys van die lewe wat Hy vir jou beplan? Nee, sekerlik wil jy nie meer 'n brandweervrou word nie, maar jy kan iemand word wat ander bystaan deur moeilike tye en die lewe se vure help blus. Jy is dalk nie vandag 'n dokter nie, maar die Here kan jou steeds gebruik om my Sy liefde die genesing vir gebroke harte met ander te deel. Die feit van die saak is dat mense ophou droom oor hul lewe, terwyl die Here nooit ophou droom oor jou nie. Stil tevrede in Sy liefde, droom Hy van die mens wat Hy gemaak het terwyl Hy steeds sorg vir die mens wat jy gekies het om te word.

In ‘n pakkie “jelly baby” lekkergoed is daar verkillende kleure wat die verskeie soorte geure aandui. Daar is swart jellie lekkers met ‘n druiwe geur, oranje lemoen geur lekkers en ’n bloedrooi een wat met aarbei geursel gegeur is. Elkeen propvol geur om die soetste vrug voor te stel waarmee hy gegeur is. Nou, stel jou voor jy neem die onderkant van ‘n aarbei geur lekker en jy sit die middelste gedeelte van die lemoen geur op die bene van die lekker. Jy kies om eerder die druiwe geur as kop te gebruik vir jou lekker. Daarsy – ’n meesterstuk, of hoe?

So ‘n lekker lyk opwindend en interessant, maar watter geur is hierdie lekker dan nou eintlik? Alhoewel ‘n gemengde geur lekker nog kan werk met hierdie soort lekkergoed, is mense nie dieselfde as jellie lekkers nie. Ons is wel elkeen ook gemaak met ‘n unieke geur wat die Here se liefde uitbeeld op sy spesiale manier. Die gevaar is dat ons mense rondom ons kyk en geure raaksien anders as onsself. Ons kies dan om eerder aan te pas en soos ander te probeer wees, terwyl die Here ons vir iets wonderlik geskape het. Baie mense kom op ‘n punt dat hulle nie meer weet wie hulle is nie, omdat hulle al te veel deur hulle lewe geure geruil het om beter in te pas en meer soos ander te lyk.

Daar is verskeie redes waarom mense kies om liewer soos ander mense te wees. Die dissipels het ook een maal gewonder watter soort “geur” of mens dan nou die belangrikste vir God se Koninkryk is. Toe hulle hierdie vraag aan Jesus vra, was hul verstom oor Sy antwoord. Jesus het ‘n kind nader geroep en gesê dat as mense nie verander om soos kinders te word nie, hulle nie die Koninkryk sal sien nie. ‘n Mens kan aan baie redes dink waarom Jesus ’n kind as voorbeeld gebruik het. Kinders wonder nie of hulle belangrik is nie. Kinders twyfel nie in hulself nie. Kinders weet dat hul geliefd is en rus in die liefde en afhanklikheid van hul ouers. Daar is nog baie voorbeelde, maar een ding is seker, kinders is nog nie beïnvloed deur die wêreld se standaarde en verwagtings nie. Kinders twyfel nie in hul geur nie.

Gaan leef ‘n lewe in eie geur en vra die Here om Sy wil vir jou lewe te openbaar. Leef met die hekke oop, in jou eie lyf en deel jou drome met die Here. Mense mag dalk nie saam met jou droom nie, maar laat die Here toe om vir jou te wys wat Hy vir jou lewe beplan. Ons hoef nie meer minderwaardig rond te skarrel om in te pas by die nuutste model of dinge wat die wêreld as “in” beskou nie. Die enigste “in” wat ons behoort te leef is in Jesus. Lata Hy in en deur jou werk om die plan waaroor Hy oor jou droom tot stand te bring. Jy is gemaak na die Here se smaak om ander met SY lewe te raak!

# 1. Ontmoet & Groet

**'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!**

Welkom terug by Kouland, ons eie lekkergoed fabriek. Jong ons het vandag 'n lekker soet boodskap wat wag, so kom ons kry gou onsself gereed met 'n lekker

## Koubouterstrek:

1. Kom ons maak asof ons lekker taai soet stroop op ons arms het wat ons elmboë en hande teen mekaar vasplak. Ons hou dit daar vir 1.2.3 en dan trek ons hulle weg van mekaar. En ons plak weer vas....en ons trek weer weg. En ons plak weer vas. En ons trek weer weg.

2. Aai, nou het daar van die soet stroop op ons knie beland en ons hand sit vas aan ons knie. Lig jou knie en jou (teenoorgestelde hand) op en sak. EN op en sak. Ai nou is die ander hand weer vas aan die knie. En tel op en sak. En tel op en sak. Kom ons kyk hoe vinnig kan ons al twee knieë en hande optel en sak. Eers die een hand en knie. Dan die ander hand en knie.

3. Kom ons haal lekker diep asem in en lig ons hande op 1...2...3.. en asem uit en sak ons hande tot by ons voete.

Daarsy! Laat ek bietjie sien. Nee wat dit lyk of julle nog so bietjie aan die slaap is. Kom ons sing eers bietjie 'n liedjie saam:

**Speel die musiek video en dans saam met die kleuters. - Bernice West - Die Here het my mooi gemaak**

# 2. Grootgroep Aanbieding

Man, dit is seker my heel gunsteling liedjie wat daar is! Wie van julle hou ook van die liedjie "Lyfie". Haai, dit was dan julle op die video wat so mooi gesing en dan het ook. Hoe het julle dan op die TV gekom?

Haai, weet julle waaraan dink ek nou. Mens kry 'n soort lekkergoed wat ook 'n lyfie vorm het. Wat is hulle name nou weer? (laat kleuters toe om te antwoord)

Jaa man Jellie mannetjies! Wag so bietjie, iewers het ek van hulle hier gehad. Laat ek net sien. (maak of jy in die sak grou) Hier is (skrik) Wouter! (haal plastiek wurm uit wat in reënboog kleure is) A nee a - Wouter slak - stouter! A nee a man ek het al vir jou gesê jy moet uit my lekkergoed sak bly. Kyk nou net hoe lyk jy van al die lekkergoed wat jy geëet het! Wouter is my slakkie julle en hy het 'n vreeslike soet tand. Kyk nou net, sy lyfie is eintlik liggroen en nou is hy...... is....hy is....ek weet nie eintlik watter kleur hy is nie, hy is al die kleure.

Ai Wouter, (kyk na helper) Sal jy asb. vir Wouter vat en vir hom bietjie water gaan gee daar agter?

Ah gelukkig het Wouter nie by die Jellie mannetjies uitgekom nie. Sien julle in hierdie pakkie is verskillende kleure jellie babies. Mens kry pers jellie babies – hmmm wie hou die meeste van die pers een? Ek dink hy is pers omdat hy ''n druiwe geur het. Die geur is die soort vrug waarmee hulle die lekkertjie maak sodat hy soos daai vrug proe.

Watter geur dink julle is die rooie een? (laat kleuters raai) Ja, ek dink julle is reg, dit is ''n aarbei geur. Man, ek weet nooit van hierdie ligte wit deurskynende een nie. Miskien is hy 'n litchi of dalk ''n suurlemoen geur? Aha! Hierdie oranje een, wie kan raai watter geur is dit? (laat kleuters raai) Ja, dit is ''n lemoen geur. Man, hulle is almal so mooi helder en vrolik, eintlik is hulle so mooi soos ''n reënboog as hulle saam is....oeeee wooow reënboog....

Wag wag wag, nou is my kop eers teen die dak vas gedink, kom ons gaan haal ons ons koppe:

> *Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Man, daar het ek nou sommer aan iets gedink. Maats, het julle geweet dat ons elkeen ook ons eie geur het?

**Helper wat vir Wouter gevat het:** Nee man, ons proe mos nie soos vrugte nie....heyyyy Wouter, moenie idees kry nie ek proe nie soos ''n sweetie nie! Waarvan praat jy nou? Mense het nie geure nie.

Natuurlik het ons! Maar nie soos swieties nie. Nee nee man, die Here het ons elkeen ook baie spesiaal gemaak. Elkeen van ons het ''n spesiale manier om vir die wêreld van Sy liefde te leer.

Maats, sê gou saam met my, Psalm 139. Nou in Psalm 139 staan daar dat die Here elkeen van ons kunstig aan mekaar geweef het toe ons in ons ma's se magies was. Dit beteken die Here het baie mooi gedink en beplan hoe spesiaal Hy jou wou maak. Jy het nie sommer net gebeur nie. Nee nee, die Here het mooi gedink watter talente en gawes Hy in jou lyfie wil inbou.

**Ander helper:** Huh? Wat is talente en gawes?

Ag ek is so bly jy vra. Talente en gawes is spesiale dinge wat elkeen van ons kan doen. Jou talente is die dinge wat jy goed kan doen met jou lyf. Soos om lekker vinnig te hardloop, of mooi te teken, of slim te wees. Jou gawes is dit wat jy goed kan doen met jou hartjie. Soos om dalk mooi uit jou hart uit te bid vir iemand wat deur 'n moeilike tyd gaan. Of om maklik te voel as iemand anders hartseer is sonder dat hulle iets sê.

Die Here het ons so gemaak dat ons met ons gawes, dit wat Hy is ons hartjies gesit het te raaksien waar ons Sy liefde met iemand te deel. Dan hartjies het Hy ons lyfies op ''n spesiale manier gemaak om met ons talente daardie mense te gaan help.

Maatjies weet julle wat. Die Here het nie een mens dieselfde gemaak as ''n ander een nie. Ons is almal verskillend en elkeen van ons is so spesiaal gemaak, dat ons Jesus se liefde op ''n baie spesiale manier kan wys vir die wêreld.

Maats, kom ons gaan haal gou vinnig ons koppe teen die dak, ek wil julle vertel van ''n verskriklike leuen of jokstorie wat die duiwel vir ons wil vertel...

> *Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Maats, die duiwel hou nie daarvan dat ons spesiaal voel nie. Weet jy watter jokstorie vertel die duiwel vir ons. Hy vertel vir ons dat ons talente en gawes, die manier hoe die Here ons gemaak het, nie so belangrik is oos ander mense sin nie. Die duiwel wil nie hê jy moet met die geur leef wat die Here jou gemaak het nie, want Hy wil nie hê mense moet Jesus se liefde raaksien nie. So, hy gebruik die wêreld se dinge om vir jou te laat voel jy is nie so goed soos ander nie.

Weet julle wat is die ergste van alles. Mense glo dit.

**Demonstrasie:**

**Neem 3 verskillende geure "Jellie mannetjies" vir die demonstrasie.**

1. **Vat 'n oranje Jellie mannetjie -** Ontmoet vir Jana. Die Here het vir Jana so spesiaal gemaak om mooi te teken. Jana is bietjie skaam om sommer voor enige mense te praat, maar die Here het haar ''n sagte hart gegee en Sy kan baie mooi vir haar maatjies bid as hulle hartseer voel.

2. **Vat ''n rooi Jellie mannetjie –** Ontmoet vir Pieter. Jana en Pieter is maats. Pieter is nou weer baie vinnig en sterk end ie Here het vir Pieter ''n brawe hart gegee. Pieter is nie skaam of bang om by enige plek oor Jesus te praat nie.

3. **Vat ''n swart/pers "Jellie mannetjie"** Ontmoet vir Jaco. Jaco is ook maats met Jana en Pieter. Jaco is nou weer ''n regte slimkop. Die Here het vir Jaco ''n geduldige hart gegee wat mooi kan verduidelik. Op ''n spesiale manier kan Jaco iets wat moeilik is om te verstaan verduidelik. Hy help altyd die maats wat sukkel om iets in die Bybel te verstaan.

Maatjies, kan julle sien hoe belangrik dit is om mense te hê wat sagte hartjies het soos Jana. Wat brawe hartjies het soos Pieter en wat geduldige hartjies het soos Jaco wat mooi kan verduidelik. Elkeen van hierdie drie maats is baie spesiaal en kan op hulle spesiale manier mense help om nader aan Jesus te kom. Hulle die was beste maatjies in hulle kleuterskool en toe gaan hulle saam groot skool toe. Skielik is daar so baie kinders, dat elkeen van hierdie maats ander maatjies ook kry. Sjoe, daar was so baie kinders, dat hierdie drie maats elkeen begin voel het of niemand hulle raaksien tussen al die baie kinders nie. Toe begin die duiwel met sy jokstories... Hy vertel dit vir hulle in hulle koppe.

(breek nou die "jellybabies" se koppe af en plak dit op die verskillende lywe)

**Oranje kop op rooi lyf:**
Jana, jy moet eintlik meer braaf wees soos Pieter. Jou sagte hart is nie so goed soos Pieter se brawe hart nie. Mense sal meer van jou hou as jy soos Pieter is – vertel die simple duiwel sy jokstorie en Jana glo dit!

**Rooi kop op pers/swart lyf:**
Pieter, dit help nie jy is vinnig en sterk en braaf nie. Nee, jy moet eerder soos Jaco wees. Hy is slim en kan goed verduidelik. Jy gaan meer belangrik wees as jy soos Jaco is. – vertel die duiwel sy jokstorie en Pieter glo dit.

**Pers/swartkop op oranje lyf:**
Jaco, dit help nie jy is so slim nie. Mense hou nie van slim mense nie. Nee, jy moet eerder so sagte hart soos Jana hê. Dan sal mense baie meer van jou hou en jy gaan belangrik wees. – vertel die duiwel sy jokstorie en Jaco glo dit!

Gonnas! Kyk nou net hoe lyk die maats. Hulle lyk glad nie meer soos wat hulle gelyk het nie. Hulle lyk nou eintlik meer soos ou Wouter slak stouter wat in ''n reënboogslak verander het!

Maats, mens kan nie meer sien watter soort geur elkeen van hierdie lekkers is nie. Al sal hierdie lekkers seker nog lekker wees as mens hulle so eet, is dit baie erg as mense nie meer weet wie hulle is nie. Partykeer glo ons so die duiwel se jokstories, dat ons heeltyd probeer om soos ander mense te wees net dat ons belangrik kan voel en later weet ons nie meer wie ons is nie!

Maats, die duiwel het jou ook dalk al laat voel dat jy nie so oulik of belangrik is soos ander mense nie. Die volgende keer as die duiwel vir jou die jokstorie wil vertel, moet jy opspring en sê:

**Die Here**
*(wys albei wysvingers na bo)*
**Het my spesiaal gemaak**
*(plaas beide hande op jou hart)*
**na Sy smaak**
*(Duime na bo)*
**Om Ander**
*(gooi een arm uit)*
**Met Sy liefde**
*(gooi ander arm uit)*
**Te raak!**
*(raak die maat langs jou)*

Pragtig! Kom ons sê dit weer vir mekaar!

**Die Here**
*(wys albei wysvingers na bo)*
**Het my spesiaal gemaak**
*(plaas beide hande op jou hart)*
**na Sy smaak**
*(Duime na bo)*
**Om Ander**
*(gooi een arm uit)*
**Met Sy liefde**
*(gooi ander arm uit)*
**Te raak!**
*(raak die maat langs jou)*

Baie mooi! Julle kan weer sit. Ek wil julle iets vertel wat in Matteus 18 gebeur.

(haal feltbord uit en sit karakters daar teen vas soos wat jy vertel)

Maatjies, het julle geweet dat Jesus se vriende eendag vir Hom gevra het. "Jesus, wie is die belangrikste mense wat U gemaak het? Ons wil graag weet, want ons wil weet wat om te doen sodat ons ook so belangrik kan wees."

Jesus het na Sy vriende gekyk en geglimlag. Hy roep toe ''n kindjie nader wat daar gehardloop en gespeel het.

Die Koninkryk van God is juis gemaak vir kinders soos hierdie. Hierdie kindjie dink nie hy is meer belangrik as ander mense nie. Dit is juis wanneer mense nie probeer belangriker wees as ander nie, wat hulle kinders van God genoem kan word. – Het Jesus verduidelik

Maatjies, Jesus is reg. Hierdie kindjie, het nog nie die jokstorie van die duiwel geglo dat hy nie belangrik is nie. Nee, klein kinders kry dit makliker reg om presies te wees soos wat God hulle gemaak het. Soos wat mense ouer word,

wil hulle graag belangrik voel en raakgesien word. Dan vertel die duiwel vir hulle in hulle koppe dat hulle meer soos ander mense moet probeer wees, dan sal hulle belangrik wees.

Maats, ek en jy is nie gemaak om soos Wouter slak stouter te wees nie. Ons is elkeen gemaak met ''n spesiale geur. Jesus wil jou gebruik net soos jy is, want Hy het jou belangrik en spesiaal gemaak om iets spesiaal vir die wêreld van YS liefde te vertel. Ons mag net soos een iemand probeer wees en dit is soos Jesus! Hy was perfek en ons kan baie by Hom leer. Ons kan ook baie by ander mense leer, maar ons moet altyd kies om soos onsself te bly en nie minder belangrik te voel by ander mense nie. Jesus het jou gemaak na Sy smaak om ander met Sy liefde te raak. Kom ons spring op dan sê ons dit weer vir mekaar:

**Die Here**
*(wys albei wysvingers na bo)*
**Het my spesiaal gemaak**
*(plaas beide hande op jou hart)*
**na Sy smaak**
*(Duime na bo)*
**Om Ander**
*(gooi een arm uit)*
**Met Sy liefde**
*(gooi ander arm uit)*
**Te raak!**
*(raak die maat langs jou)*

Dankie, vir julle saamleer vandag maats! Kom ons gaan doen 'n kunsie om hierdie boodskap te onthou.

# 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1: Gemaak na Sy smaak

### Ysbreker:

Laat kinders hul oë toemaak. Gee nou vir elkeen 'n lekkertjie en dan moet hulle raai watter geur die lekker is sonder om na die lekkertjie se kleur te kyk.

*Sê die volgende in jou eie woorde:* Maats, dit wat met Jana, Jaco en Pieter gebeur het, gebeur met so baie mense. Toe hulle in die groot skool gekom het tussen al die baie maats. Toe voel hulle nie meer belangrik nie. Toe begin die duiwel vir hulle vertel dat hulle meer soos ander mense moet wees – dan sal hulle belangrik wees. Dit gebeur ook met grootmense. Wat kan ons nou weer vir onsself sê as ons nie belangrik voel nie:

**Die Here**
*(wys albei wysvingers na bo)*
**Het my spesiaal gemaak**
*(plaas beide hande op jou hart)*
**na Sy smaak**
*(Duime na bo)*
**Om Ander**
*(gooi een arm uit)*
**Met Sy liefde**
*(gooi ander arm uit)*
**Te raak!**
*(raak die maat langs jou)*

## Instruksies:

1. Deel vir elke kleuters ''n 3 vriende storievel uit
2. Help die kleuters om die eerste 3 lekkers 3 verskillende kleure in te kleur
3. Help die kleuters om die laaste 3 lekkers reënboogkleure in te kleur

## Aktiwiteit 2: Die belangrikste geur

Maatjies, Jesus is reg. Hierdie kindjie, het nog nie die jokstorie van die duiwel geglo dat hy nie belangrik is nie. Nee, klein kinders kry dit makliker reg om presies te wees soos wat God hulle gemaak het. Soos wat mense ouer word, wil hulle graag belangrik voel en raakgesien word. Dan vertel die duiwel vir hulle in hulle koppe dat hulle meer soos ander mense moet probeer wees, dan sal hulle belangrik wees.

Maats, ek en jy is nie gemaak om soos Wouter slak stouter te wees nie. Ons is elkeen gemaak met ''n spesiale geur. Jesus wil jou gebruik net soos jy is, want Hy het jou belangrik en spesiaal gemaak om iets spesiaal vir die wêreld van YS liefde te vertel. Ons mag net soos een iemand probeer wees en dit is soos Jesus! Hy was perfek en ons kan baie by Hom leer. Ons kan ook baie by ander mense leer, maar ons moet altyd kies om soos onsself te bly en nie minder belangrik te voel by ander mense nie.

## Instruksies:

1. Deel die inkleurvel uit en laat kleuters dit versier.

Help die kleuters om hul werkies in hul Bouboeke te liasseer.




**Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!**

Naam:..............................................

Sondag 12 Februarie




## Gemaak na Sy smaak:

Ontmoet vir Jana, Pieter en Jaco.

| | | |
|---|---|---|
| Die Here het vir Jana so spesiaal gemaak om mooi te teken. Jana is bietjie skaam om sommer voor enige mense te praat, maar die Here het haar "n sagte hart gegee en Sy kan baie mooi vir haar maatjies bid as hulle hartseer voel. | Die Here het vir Pieter gemaak om baie vinnig en sterk te wees. Die Here het ook vir Pieter 'n brawe hart gegee. Pieter is nie skaam of bang om by enige plek oor Jesus te praat nie. | Die Here het vir Jaco gemaak om ‘n regte slimkop te wees. Hy het vir Jaco ‘n geduldige hart gegee wat mooi kan verduidelik. Hy help altyd die maats wat sukkel om iets in die Bybel te verstaan. |

Toe die maats in die groot skool kom, toe voel dit of niemand hulle meer raaksien nie. Toe begin die duiwel vir hulle die jokstorie te vertel dat hulle meer soos die ander kinders moet probeer wees, dan sal hulle raakgesien word.

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste "in" waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur.

# Naam:.........................................

## Kouland Episode 5: Die Belangrikste geur

Jesus se vriende wou met alle mag by Hom weet,
hoe die Here 'n mense se belangrik wees meet.
Wie moet jy wees en wat moet jy doen,
op watter manier verdien die mens tog sy roem?
Jesus, sal U tog vir ons die geheim kan noem?
Jesus het vriendelik opgekyk,
gesien hoe bekommerd hul daaroor lyk.
Hy roep toe een van die kleinste kinders nader,
en verduidelik vir hul iets van die hart van die Vader.
Voor jul nie kies om te wees soos hierdie kind,
sal belangrik wees jul net aan hierdie wêreld bly bind.
Hou op rondkyk om te sien waar jy staan,
Die Here het jou gemaak om as jouself uit te gaan.
Leef liefs uit in jou eie geur en kyk wat gebeur,
as die Here vir ander deur jou van Hom leer!

Matteus 18:1-5



**Die Here**
*(wys albei wysvingers na bo)*
**Het my spesiaal gemaak**
*(plaas beide hande op jou hart)*
**na Sy smaak**
*(Duime na bo)*
**Om Ander**
*(gooi een arm uit)*
**Met Sy liefde**
*(gooi ander arm uit)*
**Te raak!**
*(raak die maat langs jou)*

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

Dit was omtrent 'n bedrywige dag in die fabriek vandag gewees. Vandag het ons geleer dat elke mens spesiaal en uniek gemaak is, na die Here se smaak, om ander met Sy liefde te raak. Ons moet ophou om ander mense te volg en eerder leef met die geur waarmee die Here ons gemaak het.

### Koubouter Koukis:

### Ysbreker:

Neem ''n pakkie "Jellie mannetjies". Laat elkeen raai watter geur lekkertjie hul eet sonder om na die kleur van die lekker te kyk.

**Gesels nou oor die volgende**: In 'n pakkie "Jellie mannetjie" lekkergoed is daar verkillende kleure wat die verskeie soorte geure aandui. Daar is swart jellie lekkers met 'n druiwe geur, oranje lemoen geur lekkers en 'n bloedrooi een wat met aarbei geursel gegeur is. Elkeen propvol geur om die soetste vrug voor te stel waarmee hy gegeur is. Nou, stel jou voor jy neem die onderkant van 'n aarbei geur lekker en jy sit die middelste gedeelte van die lemoen geur op die bene van die lekker. Jy kies om eerder die druiwe geur as kop te gebruik vir jou lekker. Daarsy – 'n meesterstuk, of hoe? So 'n lekker lyk opwindend en interessant, maar watter geur is hierdie lekker dan nou eintlik? Alhoewel 'n gemengde geur lekker nog kan werk met hierdie soort lekkergoed, is mense nie dieselfde as jellie lekkers nie. Ons is wel elkeen ook gemaak met 'n unieke geur wat die Here se liefde uitbeeld op sy spesiale manier. Die gevaar is dat ons mense rondom ons kyk en geure raaksien anders as onsself. Ons kies dan om eerder aan te pas en soos ander te probeer wees, terwyl die Here ons vir iets wonderlik geskape het. Baie mense kom op 'n punt dat hulle nie meer weet wie hulle is nie, omdat hulle al te veel deur hulle lewe geure geruil het om beter in te pas en meer soos ander te lyk. Kom ons dink bietjie oor ons eie geur en die manier waarop die Here ons spesiaal gemaak het om iets van wie Hy is uit te straal.

**Gesels oor die volgende:**

1. Waarom is dit so belangrik vir mense om belangrik te wees?
2. Hoe laat die wêreld vir mense voel dat hulle nie belangrik is nie?
3. Hoe laat Jesus ons belangrik voel?

### Ons stukkie vir vandag is in Psalm 139: 13-18



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee.

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee

**5. “Jellie mannetjie: - Gemaak na Sy Smaak**

Elkeen is in ‘n spesiale geur gemaak, maar ons kan tog so maklik gewoond aan dit raak. Ons probeer dan liewer om soos ander te wees, en spoeg en plak aan ons siel en ons gees. Op die einde sit ons met vrae en ons wonder, wat maak my uniek en ooit nou besonder? Die enigste “in” waarna ons moet wil strewe, is om In Jesus te vind - Die Ware Lewe. Die Here bly droom oor elkeen van Sy kinders, drome van oorvloed en lewe - niks minders. Planne om ander met jou unieke smaak, deur jou manier van leef met Sy liefde te raak. Mag niks jou ooit weer blok of jou keer, om voluit te leef in jou spesiale Jesus geur. Gaan lees die raad wat **Psalm 139** gee